higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Tweede vraestel)

NKR VLAK 3

(4101053)

3 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 2 addenda.

029Q2N2203

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings:

   ONDERWERP: SKRYF EN AANBIED

   AFDELING A: VERSLAG [50]
   AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYWERK [30]
   AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYWERK [20]

2. Beantwoord **EEN** van die TWEE vrae in Afdeling A.
   Beantwoord **ALBEI** vrae in Afdeling B.
   Beantwoord **EEN** van die TWEE vrae in Afdeling C.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy moet beplan, redigeer en jou skryfstukke proeflees. Die beplanning moet VOOR die skryfstuk verskyn. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale weergawe oorgeskryf het.

6. Laat 'n reël tussen antwoorde oop.

7. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

8. Die volgende vrae moet op die ADDENDA beantwoord word:
   VRAAG 1 – ADDENDUM A; VRAAG 5 – ADDENDUM B. Maak seker dat jy jou EKSAMENNOMMER op die ADDENDA neerskryf en albei addenda saam met die ANTWOORDBOEK inlewer.

9. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

10. Beplan jou tyd.

Kopiereg voorbehou

AGTERGROND VIR AL DIE VRAE IN HIERDIE VRAESTEL

Jy is ’n vlak 3-student by die ABC Kollege. Hierdie kollege bied elke jaar ’n loopbaanuitstalling in die kollegesaal aan waar verskillende loopbane en rigtings verteenwoordig word.

Jy is die sekretaris van die komitee wat vir die organisasie en uitvoering van hierdie uitstalling verantwoordelik is.

Hierdie uitstalling vind op vanaf 08:00 op 16 Junie 2022 (Jeugdag) plaas in die kollegesaal plaas. Die tema vir die uitstalling is “Loopbane vir môre”.

Hierdie agtergrond is op al die vrae in hierdie vraestel van toepassing.

SITUASIE

Die komitee begin die kollegesaal op 13 Junie vir die loopbaanuitstalling voorberei. Die tema vir die uitstalling is “Loopbane vir môre” en daar moet 35 stalletjies vir die uitstallers gebou word. Die studente moet die staaltafels wat agter die verhoog gestoor word uithaal en een tafel by elke stalletjie neersit. Jan Berendse besluit om twee tafels gelyk te dra en toe hy by die trappies langs die verhoog begin afklim, verloor hy sy balans en val met tafels en al tot op die vloer.

Jan het baie hard geval en sy kop teen die trappe gestamp. Daar is ’n bloeiende word bokant sy linkeroog. Die tafels het op sy regtervoet te lande gekom en dit het gelyk of sy regterenkel gebreek kon wees. Hy kon nie sy regtervoet beweeg nie.

Een van die meisies het by hom gesit en hom kalmeer. Sy het ook met haar sakdoek drukking op die sny bokant sy oog toegepas. Die voorsitter van die komitee het dadelik die Kampushoof gaan roep en ook die noodnommer vir ’n ambulans geskakel.

Die ambulans het Jan na die naaste hospitaal vervoer. By sy aankoms is hy ondersoek en daar is ook X-strale van sy regtervoet geneem. Hy het twee steke in die sny bokant sy oog gekry. Die X-strale het gewys dat sy enkel gebreek is en die dokter het sy been met gips gespalk. Hy is ontslaan, maar is vir twee dae met siekverlof.

Die kampushoof het jou ná die voorval versoek om ’n ongeluksverslag op te stel omdat jy die sekretaris is.

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

Gebruik ADDENDUM A om die ONGELUKSVERSLAG (150–250 woorde) te skryf. Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM A in te vul en die ADDENDUM saam met die ANTWOORDBOEK in te lewer. **[50]**

OF

VRAAG 2: VORDERINGSVERSLAG

Almal is baie opgewonde oor die loopbaanuitstalling van 16 Junie en die beplanning en organisasie hou almal besig. Die kampushoof het jou as voorsitter van die komitee versoek om TWEE weke voor die loopbaanuitstalling 'n verslag oor die vordering aan hom te oorhandig sodat hy kan monitor watter take reeds afgehandel is, met watter take die komitee tans besig is en watter take nog uitstaande is.

☆

OPDRAG

Skryf 'n VORDERINGSVERSLAG (150–250 woorde) aan die Kampushoof. Die volgende opskrifte en inligting moet daarin vervat wees:

- 'n Inleidende paragraaf met die agtergrond soos die datum, tyd en plek van die loopbaanuitstalling asook die tema van die uitstalling;
- die volledige doel van die verslag;
- Dink kreatief en dink TWEE take uit wat reeds voltooi is en wie vir daardie take verantwoordelik was;
- Dink kreatief en dink DRIE take uit waarmee die komitee tans besig is;
- Dink kreatief en dink DRIE take uit wat nog afgehandel moet word en
- 'n Slotparagraaf waarin jy jou vordering evalueer.
- Onthou om jou verslag van 'n gepaste OPSKRIF te voorsien.
- Sorg dat jy die verslag onderteken. **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

☆ **EN**

AFDELING B: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK

Doen **ALBEI** vrae in AFDELING B en skryf 120 tot 150 woorde oor elkeen.

VRAAG 3: VERGADERINGS: KENNISGEWING EN AGENDA

SITUASIE

Die Kampushoof wil graag die komende loopbaanuitstalling in detail bespreek en belê 'n komiteevergadering met die personeel en die komitee om sekere aspekte te bespreek. By hierdie vergadering gaan twee sake uit die vorige notule bespreek word nl. die druk van plakkate en die uitnodiging aan die prinsipaal om die opening waar te neem. Nuwe sake is: parkeerreëlings vir besoekers; voorbereiding van kospakkies vir die studente en 'n noodplan vir beurtkrag tydens die uitstalling.

Die vergadering gaan op Maandag 2 Junie 2022 om 09:00 in die kollegesaal plaasvind.

Jy is die sekretaris en moet die kennisgewing en agenda uitstuur.

OPDRAG

☆

Skryf die KENNISGEWING en AGENDA (60–75 woorde) vir hierdie komiteevergadering volledig uit. Gebruik die formaat wat aan jou onderrig is.

Jy hoef dit nie in 'n formaat van 'n briefhoof of memorandum te skryf nie, maar begin direk met die OPSKRIF van die kennisgewing. **[20]**

☆

Kopiereg voorbehou

EN

VRAAG 4: NOTULE

GEBRUIK DIE SITUASIE BY VRAAG 3 AS AGTERGROND.

SITUASIE

Die vergadering oor die loopbaanuitstalling het op 2 Junie 2022 plaasgevind. Die sekretaris het die volgende notule geskryf. Voltooi die notule deur die uitstaande inligting langs die vraagnommer (4.1–4.10) in jou ANTWOORDBOEK te skryf.

NOTULE VAN KOMITEEVERGADERING VIR DIE LOOPBAANUITSTALLING GEHOU OP MAANDAG 2 JUNIE 2022 OM 09:00 IN DIE KOLLEGESAAL

1. OPENING

   Die voorsitter open die vergadering en heet almal welkom.

2. (4.1) Al 14 personeellede woon die vergadering by.

3. (4.2) Geen.

4. (4.3) Die notule van die vorige vergadering word as gelees beskou, goedgekeur en geteken.

   (4.4) John Cloete
   Sekondant: Lucas Khumalo

5. SAKE UIT DIE NOTULE

   5.1 (4.5) Dit is reeds deur INK-DRUKKERS voltooi en sal op 12 Junie deur Eben Coetzee afgehaal word.

   5.2 Die uitnodiging aan die Prinsipaal. Die prinsipaal is reeds per brief uitgenooi om die loopbaanuitstalling te open. Jessie Beukes het dit afgehandel.

6. (4.6)

   6.1 Die plaaslike verkeersdepartement gaan al die verkeersreëlings vir die besoekers hanteer.

   6.2 Elke student sal ’n kospakkie met ’n vrug en ’n toebroodjie ontvang.

   6.3 Die kampus se twee kragopwekkers sal op gereedheidsgrondslag vir die uitstalling beskikbaar wees.

7. (4.7) Geen.

Kopiereg voorbehou

8. (4.8) Dit sal op 15 Junie 2022 weer in die kollegesaal plaasvind en almal moet teenwoordig wees.

9. (4.9) om 12:30.

☆

GETEKEN:

_____
WATTER KOMITEELID (AANSTELLING) MOET HIER TEKEN? (4.10) **[10]**

TOTAAL AFDELING B: 30

EN

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK

Beantwoord **EEN** van die TWEE vrae uit AFDELING C en skryf 80 tot 100 woorde daaroor.

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

☆

OPDRAG

Terwyl die senior dosent in beheer van die loopbaanuitstalling in ’n vergadering is, lui sy telefoon en dit kaptein X Ntene van die verkeersdepartement wat skakel om te sê dat hy op soek is na mnr. Baloyi. Jy neem ’n telefoonboodskap vir mnr. Baloyi.

Kaptein Ntene sê dat hulle baie opgewonde is om aan die loopbaanuitstalling deel te neem en dat hy en sy personeel die parkeerterrein graag op 13 Junie wil besoek. Hy vra ook of hulle toegangskaartjies by die hek sal ontvang aangesien hulle alreeds die oggend om 05:00 aan diens gaan en daar gaan bly totdat al die besoekers en die laaste voertuie vertrek het. Hy vra ook die naam van ’n kontakpersoon wat hulle op die dag kan kontak indien daar enige probleme sou opduik en versoek dat mnr. Baloyi hom voor twee-uur terugskakel.

Voltooi ADDENDUM B (telefoonboodskap wat by hierdie vraestel aangeheg is). Onthou om jou EKSAMENNOMMER op ADDENDUM B in te vul en dit saam met die ANTWOORDBOEK in te lewer. **[20]**

OF

☆

VRAAG 6: TYDSKRIFADVERTENSIE

OPDRAG

Ontwerp 'n A4-ADVERTENSIE (80–100 woorde) wat in die kampustydskrif gaan verskyn om die studente oor hierdie loopbaanuitstalling in te lig en hulle aan te moedig om die loopbaanuitstalling op 16 Junie 2022 by te woon.

- ✓ Hou die ABBA-beginsel in gedagte wanneer jy die advertensie ontwerp.
- ✓ Trek aandag met 'n toepaslike opskrif.
- ✓ Gee die datum, tyd en plek van die uitstalling.
- ✓ Verwys na die tema om studente te motiveer.
- ✓ Verskaf ten minste TWEE redes waarom studente hierdie uitstalling nie moet misloop nie.
- ✓ Verwys na enige DRIE aktiwiteite wat gaan plaasvind soos byvoorbeeld: gelukkige trekkings, kospakkies wat om 12:00 uitgedeel gaan word, ens.
- ✓ Onthou ook om 'n kontakpersoon en kontakbesonderhede te veskaf. **[20]**

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A: VERSLAG (150–250 woorde)

VRAAG 1: BESKRYWENDE VERSLAG

ONGELUKSVERSLAG				
Naam van beseerde persoon		**Datum van ongeluk**		(2)
Hoedanigheid van beseerde		**Tyd van ongeluk**		(2)
Afdeling/ Departement		**Plek van ongeluk**		(2)
Beskrywing van ongeluk en stappe daarna	_____ _____ _____ _

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

Resultate van mediese ondersoek	_____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____ _____			(8)
Naam van opsteller		**Pos/rang/amp van opsteller**		(2)
Handtekening van opsteller		**Datum**		(2)

[50]

ONTHOU OM ADDENDUM A SAAM MET DIE ANTWOORDEBOEK IN TE LEWER.

ADDEDNDUM B

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING C: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK (80–100 woorde)

VRAAG 5: TELEFOONBOODSKAP

TELEFOONBOODSKAP

Aan: _____ Van: _____

Firma: _____ Tel.: _____

Datum: _____ Tyd: _____

Boodskap: _____

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Geneem deur: _____

[20]

ONTHOU OM ADDENDUM B SAAM MET JOU ANTWOORDEBOEK IN TE LEWER.

Kopiereg voorbehou